
# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
*3DE TERMYN 1985*


# AFFIES MAAK SKOONSKIP!



*V.l.n.r.: Pierre Potgieter (kaptein), Louis Serfontein met die vreugdesbeker en mnr. Poerie van Rooyen (afrigter – eerste rugbyspan).*

**1985 was definitief een van die beste jare in Affies se geskiedenis — 'n jaar van wen, wen, wen en nogmaals wen. Affies het weer vir die wêreld gewys wie baas is!**

In 'n jaar vol hoogtepunte, het die Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisieskole vanjaar 'n prestasie behaal wat sekerlik ongeëwenaard is in die skolegeskiedenis van Transvaal. Die Affies het daarin geslaag om nie minder nie as vier Administrateursbekers te wen. Die vier trofeë: onderskeidelik vir landloop, rugby en tennis en die meisies se koor-administrateursbeker, is 'n trotse bewys van die harde werk en onselfsugtige toewyding waarvoor die Affies bekend is.

**Landloop**

By die landloop, o.l.v. mnr. Piet Swanepoel, is die harde werk van 'n hele paar jaar uiteindelik vanjaar bekroon. Elke oggend én middag kon 'n mens die landloopatlete sien oefen. Sonskyn of reën — hulle was altyd aan die hardloop. Die span, bestaande uit Stefan de Beer (kapt.), Tobie Adelaar, Quintin Blake, Francois Ströh en Hendrik Brummer, het al van die begin van die jaar af hul stem dik gemaak en telkens hul pragtige prestasies aangekondig. By die Administrateurskompetisie het Affies gesorg dat die beker na sy regmatige plek kom met 'n vierde plek vir Stefan de Beer, 'n elfde plek vir Tobie Adelaar, 'n vyftiende plek vir Quintin Blake, 'n sewende plek vir F. Ströh en 'n twaalfde plek vir Hendrik Brummer. Hierdie prestasie kan nét goed voorspel vir Affies se landloop en atletiek volgende jaar, aangesien net twee atlete van die eerste landloopspan matrikuleer.

**Rugby**

Aan die begin van die die jaar was daar baie bespiegelinge oor Affies se rugby. AHS het die wedstryd teen Boys' High én die eerste wedstryd teen Menlopark verloor. Baie mense was gou om die manne se kanse te verdoem. Hulle het egter nie met die Wit Bulle rekening gehou nie!

Die twee uitspeelwedstryde teen Wolmaransstad en Middelburg, het sekerlik vir die eerstespanafrigter, mnr. P. van Rooyen, 'n hele paar grys hare besorg. Hy het selfs aan 'n koerantman gesê hy was 'n geknakte man na dié twee wedstryde. Affies, o.l.v. losskakel, Pierre Potgieter, en voorryman, Phillip Oosthuizen, het egter elke keer geseëvier.

Die eindstryd, teen Hugenote van Springs, was 'n groot dag in Affies se geskiedenis. Hugenote was 'n gedugte span, met die losskakel Colyn as hul troefkaart. Pam Brink stadion op Springs was dié Saterdag volgepak met Affies, oud-Affies en Affie-ouers. Hulle is ook nie teleurgestel nie — op die tipiese Affiemanier het die Affiespan 'n naelskraapse oorwinning van 10-9 behaal.

Wie sal ooit die laaste minute van daardie wedstryd vergeet — toe Affies keer op keer verbete aangeval het met hul kenmerkende hardlooprugby. Daar is al amper moed opgegee, toe agterman, Louis Serfontein, die bal in 'n losgemaal kry en na 'n skitterlopie van oor die 38 m sierlik oor die doellyn duik. vir die tweede agtereenvolgende jaar en vir die agste jaar in totaal, het Affies die gesogte Rugby-Administrateursbeker gewen — voorwaar 'n skitterende prestasie. Daarmee word hulle die skool wat die gesogte trofee die meeste kere in die geskiedenis huis toe bring.

'n Mens kan mnr. Van Rooyen, sy span en hulle reserwes nie genoeg loof vir hul prestasies nie — 'n mens kan net hoop dat die trofee volgende jaar wéér by Affies sal staan.

**Tennis**

Affies se tennisgeskiedenis is 'n verhaal van voorspelbare sukses. Groot sterre soos Johan Kriek en Danie Visser se wortels lê in Affies en Affies en die Tennis Administrateursbeker het al sinoniem geword. Affies het vanjaar met 'n betreklike jong span weggespring om die tenniswêreld te verbaas deur van die begin af te wys wie is baas. Die doemprofete het baie oor die span te sê gehad, maar die spelers: Tom Combrink (kapt.), Emile Fourie, Buks Moolman en Quintin Blake was gou bekend as die gunstelinge in die stryd om die beker.

In die halfeindstryd het Affies, met 'n grieperige Emile Fourie, daarin geslaag om Hoërskool Linden te klop en sodoende deur te dring na die eindstryd teen Hoërskool Wesvalia. Voor 'n groot skare opgewonde Affies het die seuns van Pretoria drie van die vier enkelspelle en albei dubbelspelle gewen. Dit was veral Buks Moolman wat met pragtennis vorendag gekom het om vir Karel Olën in 'n skitterwedstryd te klop. As 'n mens in ag neem dat vanjaar se span besonder jonk is (Emile Fourie is maar in standerd 7) is die prestasie des te groter en kan 'n mens net sukses voorspel vir volgende jaar se tennis.

**Danie Brand**

## Mnr. Kruger se Boodskap

Die 65 jarige bestaansjaar van Affies is gekenmerk deur skitterende prestasies wat deur die blad weerspieël word. Dankie Affies, welgedaan, mag dit altyd só bly.

**Mnr. T.L.P. Kruger**

# Ons groet, liewe Juffrou

**Om van 'n persoon wat 33 jaar van haar lewe aan 'n skool gewy het, afskeid te neem, is glad nie eenvoudig nie. 'n Mens sou wou hê dat sy van die liefde en begrip wat sy dag na dag aan duisende dogters getoon het, terug ontvang. Dis egter moeilik om deur 'n paar toesprake die werklike gevoel daaragter aan te voel, maar A.H.M.P. het probeer om juffrou Holtzhausen se afskeidsfunksie op 17 Oktober onvergeetlik te maak.**

Juffrou Holtzhausen is 'n persoon met vele fasette. Met die eerste oogopslag is 'n mens se indrukke dat jy te doen het met 'n uiters fyn, delikate en vroulike persoon. Die veraf kyk in haar oë as sy aan die Vrystaat dink, spreek van haar liefde vir haar land en as sy met 'n Affie praat, kan 'n mens amper haar begrip en deernis sien uitstraal en haar liefde aanvoel. 'n Mens word ook bewus van haar fyn humorsin en onberispelike taalgebruik as jy na haar luister.

'n Mens kan dus dink dat 'n afskeid vir haar nie sommer 'n gewone afskeid kan wees nie, maar te oordeel aan die pragtige woorde deur verskeie mense aan haar gesê, was dit nie net 'n gewone dag nie. Prof. Réna Pretorius (eertydse vise-hoof) het die opmerking gemaak dat 'n mens gewoonlik goeie dinge van 'n dooie persoon sê, maar dat 'n mens eintlik die goeie dinge tydens haar lewe behoort te sê. 17 Oktober was so 'n dag: daar was net goeie dinge van Juffrou gesê.

Mev. Corrie Schumann (oud-Affie) het iets moois van Juffrou onthou: sy het altyd vir haar Latynklas gesê: "Carpe diem" (pluk die dag). 'n Mens moet elke dag bekyk en ontleed en hom dan begin beleef.

Juffrou, Affies wil vir Juffrou sê: "Carpe diem". Pluk al Juffrou se dae in Clarens saam met Kenossie en beleef elkeen op 'n besondere manier.

**(Juffrou, A.H.M.P. groet Juffrou met 'n traan, maar met baie liefde!) Red.**

*Esthea van Schalkwyk*



*1 Oktober — Juffrou se drie en dertigste verjaarsdag in Affieland!*

# REDAKSIONEEL

## REDAKSIE 1986

**Redaktrise**
Gené Visagie

**Redakteur**
Con Purchase

**Sub-redaktrise**
Hanneke van der Westhuizen

**Sub-redakteur**
Danie Brand

**Algemeen**
Werner Bornman
Jasper Burden
Evan Andreau
Jan-Albert van den Berg

**Sport**
Bennie Bouwer
Rankin le Roux

**Kultuur**
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser
Esthea v. Schalkwyk

**Foto's**
Gert Nothnagel
Dirk Wijnbeek
Albert Pretorius
Bennie du Toit

**Kultuur**
Carla Pretorius
Tyna Mössmer
Helena Barnard
Nicola Botha

**Sport**
Esté Windell
Karen van Vuren
Cornel Breytenbach
Ronél de Beer
Anna-Maria de Jesus
Juanita du Venage

**Algemeen**
Esmé van Achterbergh
Andrea Steynberg
Hedwig Barry
Christa van Kerken

**Reklame**
Juanita Poolman
Janine van Staden

## *MATRIEKAFSKEID*

**Geagte Redaksie**

*Die Matriekafskeid van 1985 is iets van die verlede. Die funksie is op Vrydag, 13 September, in die skoolsaal gehou. Die tema was Frans Kontinentaal. Daar is in 'n tent geëet en in die Saal gedans.*

*Die Matriekafskeidskomitee, die st. 9-leerlinge en die ouers het baie hard gewerk om die aand 'n groot sukses te maak. Ons wil graag van die geleentheid gebruikmaak om almal wat betrokke was, vir hul harde werk en ondersteuning, geldelik of andersins van harte te bedank.*

*Die saal was baie mooi versier en dit was regtig harde werk. Die kos is deur 'n spysenier voorsien en was puik voorberei, al kritiek is dat a.g.v. die beperkte ruimte en gure weer kon die buffet nie in die tent pas nie, en moes die mense 'n bietjie lank wag om hul kos te kry.*

*Daar was klagtes dat die orkes nie geskikte musiek gespeel het nie. Hierop kon slegs gesê word dat die skool nie 'n voorstander van 'n Disco is nie en dit nooit sal aanmoedig nie. As 'n leerling in matriek is, word veronderstel dat hy al 'n redelike peil van volwassenheid bereik het. Die funksie word dan ook so deftig en stylvol aangebied as wat finansieel moontlik is. Dit is dan ook baie swak maniere om enige iets te kritiseer wat jy nie self gereël het nie en slegs 'n minimale geldelike bydrae voor gelewer het. Die st. 9-leerlinge van hierdie jaar kan gerus kennis neem.*

*Om in die stad te gaan uiteet kos minimum R30 vir 2 persone. Dan sluit dit nog nie foto's van R5 in nie. Verder word versieringskostes nie in ag geneem nie. Die afskeid kos die afgelope 2 jaar alle matrikulante slegs R23 per paar.*

*Ek dink regtig dat in ons huidige ekonomiese klimaat daar werklik besin moet word oor die formaat en omvang van die afskeid. As 'n mens in ag neem die tyd, moeite en geld wat daaraan bestee word, wonder 'n mens of die kool die sous werd is, want dit word nie waardeer nie. Om en by tien uur die aand het meer as 75% van die matrieks reeds vertrek na "after parties" toe wat buitendien teen die skoolreëls is. Nog 'n ding waaraan veral die hoofseun en prefekte van 1986 aandag kan skenk.*

*St. 10's maak dit jou plig en trots om een aand op te offer om saam met jou maats, vriendinne en onderwysers afskeid van jou skool te neem. Bly daar tot die laaste dans, die moeite word vir* **jou** *gedoen.* Wat jy vir Affies insit sal jy dubbel en dwars terug kry. Of jy die aand geniet hang net van jouself af. Ons kan die geleentheid skep, maar dit nie vir jou geniet nie!

Mnr. E. van Niekerk.

# AFFIES HÉT 'N MENING !!!

*'85 WEER AFFIESJAAR*

**Die Redaksie**

*Dit is met 'n dankbare terugblik dat ons kan terugkyk oor 'n jaar waarin die Affies-lig weer soos altyd helder gebrand het. Die sportprestasies is legio — (interhoërwenners, sterk swemkrag en Menlopark se moses. Admin-wenner in onderskeidelik landloop, rugby en tennis, die krieket wat uitstekend gevaar het deur al hul ligas te wen en by tye van ter perse gaan wel op weg na die atletiek-admin oorwinning.)*

*Daar kan dus met waardering terug gekyk word op 'n jaar waarin die Afrikaanse Hoër Seunskool weer bo was. Sport is egter nie waar dit gebly het nie. Op akademiese gebied het Affies ook sy man gestaan. Goeie prestasies in die Wiskunde-olimpiade en die jaarlikse Expo is slegs twee gebiede waarin ons weer geseëvier het, Kultureel, was die gebeure ook van buitengewone hoë standaard. Die Afrikaanse en Engelse redenaarskompetisies het uitstekende resultate gelewer. So ook die verskeidenheidsaand, die koor en die blaasorkes.*

*Die prestasies beteken egter nie dat daar nou op die louere gerus kan word nie. Inteendeel, al die bogenoemde prestasies en gebeure leen hulself net tot verbetering op huidige gebiede en dit waarin die Affies nog nie so seer 'n groot rol gespeel het nie. Maar in die nabye toekoms maak ons weer so.*

*Na 'n jaar gekenmerk deur hoë verwagting en moed na die jaar 1986 gekyk word. Onder leiding van 'n sterk matriekgroep met 'n skitterende prefektespan aan die spits, sal die komende jaar nog 'n groter jaar wees.*

*Mag die lig in 1986 net helderder brand.*
*FESTINA LENTE!*

*Meyer Nell*
*(Hoofseun 1986)*

## STROOM-OP — 'N DIENS AAN DIE AFFIE

**Enige argument is slegs aanvaarbaar indien bewyse daarvoor swart op wit verskyn. Die hoofdoel van "Stroom-op" is om die Affie-argument swart of wit te staaf. Dit bly die hoofdoel van dié koerantjie om die beeld van Affies na buite, na die algemene publiek uit te dra en sodoende weer te gee wat die Affie-saak behels.**


Enige koerant moet voldoen aan sekere kriteria van beriggewing. Die koerant moet professioneel en volgens vasgestelde standaarde vertoon. Uiteraard moet 'n skoolkoerant aandag skenk aan sy lesers — meerdendeels leerlinge. "Stroom-op" het gedurende 1985 'n balans gehandhaaf tussen informele- en formele aanbiedings.

Sonder om die koerant té "akademies" uit te lê, is daar ook na die lesers omgesien. Die koerant moet gemaklik lees, maar ook aan sekere standaarde voldoen.

"Stroom-op" beteken dienslewering. Die koerant verskaf aan elke Affie die diens van nuuslewering.

As mondstuk van die lesers en as spieël van Affieland, projekteer "Stroom-op" die Affie-argument, swart op wit, na die buitewêreld!

**Awie en Stefan**



### IN MEMORIAM

**Pieter Raubenheimer (1/9/69 – 1/11/85)**

Pieter Raubenheimer is tydens die stormweer van Vrydag, 1 November deur die vloedwater van die Walkerspruit meegesleur.

Pieter, 'n stil, goedgeaarde St. 8-koshuisleerling was vir die eerste gedeelte van die rugbyseisoen kaptein van die O/15 D-span, waarna hy a.g.v. 'n sleutelbeenbesering moes onttrek. Hy was ook die afgelope drie jaar 'n aktiewe lid van die Landsdiensklub.

Hy laat sy ouers, mnr. en mev. S.J. Raubenheimer van Springs en twee broers, Johan en Michael, agter.

Die redaksie spreek hulle diepste meegevoel teenoor sy familie en vriende uit.

*Liewe Fokus*

*Ek vra myself baie af hoekom ek nog niks besonders bereik het nie. Hoekom is ek moeg nog voor ek met huiswerk begin het? Hoekom vra ek uitstel as ek iets moet doen? Hoekom luister ek nie as Juffrou of Meneer iets sê nie?*

*As jý ook wonder, kom luister 'n bietjie na wat ons pouses en in die klasse gesels:*

*"Ek stel nie belang nie, man. Daar is ánder wat belangstel. Ek gaan nie die bord skoonmaak nie — hý sal dit doen. Daar is ánder kinders wat sal opstaan as Juffrou in die klas kom. Hoe sal Meneer weet as ék hom nie groet nie — ons is 'n paar honderd, man! Moenie vir Juffrou blomme bring nie — wil jy 'n prefek word?"*


*Ons hoor hierdie tipe geselsies élke dag en so stadig aan begin ons moegraak daarvoor. Ons wil iets ánders hoor:*

*"Ons wil belangstel, ons wil die bord skoonmaak, ons wil opstaan as Juffrou inkom, ons wil Meneer groet en ons wil mense gelukkig sien en ons wil mense gelukkig maak."*

*Waarom het ons dan 'n negatiewe houding? Ter wille van kinders wat dink dat skool 'n rusbank is om in ágteroor te sit?*

*Help my onthou, asseblief:*
*"As ons niks doen nie word ons miskien niks nie." (Vrye vertaling met apologie aan Paul Goodman).*

**Onbekend**



*Mnr. D.P. Kirstein.*

**Liewe Redaksie**

*Ek het so pas 'n harde oefen-sessie by mev. Raath gehad toe die ongeluk my tref.*

*"Alle st. 6'e moet hier aanmeld na ete!"*

*Dis hier waar ek dag ek val in 'n gat, sterf en word begrawe.*

*Ek wens die aarde wil my insluk, of ek moet net, verdwyn of verdamp, hét ek gebid. Al wat ek al die hele jaar lank hoor, is dat ek, arme ekke, alle hel op aarde gaan hê die einde van die jaar met "ontheffing". Ha-ha het ek gesê, vertel my nog 'n riller. Dié het ek bly sê tot die dag aangebreek het en nou wens ek die aarde wil my insluk.*

*So gesê so gedaan, hier staan die koshuis se tweede span (dis nou ons) voor die koshuis se "eerste span".*

*En nogal ewe fensie op "aandag". "St. 6 wat smile jy?, St. 6 staan regop! Dis nie 'n grap nie, wat's jou bynaam en wie is jou st. 9? (kom van alle kante tegelyk geskree).*

*"Weet nie!" sê ek.*

*Daar tref die papaja die waaierband. Na so 'n ruk het ek dit al gate uit begin geniet en al skoon soos 'n sif begin lyk.*

*Dit het die hele aand so aangekriewel. Elkeen moes hier 'n grappie en daar 'n liedjie (op aandag) sing of vertel.*

*Giggel, giggel, was maar al wat die meeste van ons kon uitkry. Tot my, en ek is seker baie ander verligting, raak hulle siek vir ons en sê ons kan maar verdaag.*

**Megan (st. 6)**

**Geagte Redaksie**

*Uiteindelik kry ek die geleentheid om my mede-Affies te waarsku — ek weet ek mag vir sommiges na 'n sanikende doemprofeet klink, maar ek is regtig bekommerd.*

*My rede: die allerafgryslikste, verskriklikste plaag is besig om hier by ons kop uit te steek. Dit is ongeneeslik, dodelik en uiters aansteeklik.*

*Orals op die skoolterrein sien 'n mens die armsalige slagoffers van hierdie vernietigende siekte. Pouses lê hulle, baie na aan die dood, roerloos op die grasperke. In die klas is hulle onbeheerbaar en onderwyseresse sit vreesbevange agter hulle lessenaars, te bang om 'n vinger te verroer. Die sieke se oë neem 'n vreemde, onaardse kleur aan, ook haar vel.*

*Een oorweldigende algemene simptoon van dié siekte is 'n oordrewe behepheid met die son, oftewel solariamania. As die manie eers posgevat het, is daar niks aan te doen nie. Die tipiese slagoffer lê ure in die son, gee enorme bedrae geld op sonbrandolie, sonbrille en bikini's uit en trotseer weke lank rooi, seergebrande skouers en neuse. Die uiteindelike doelwit is om 'n BRUIN VEL te besit!*

*Affies, ek doen 'n beroep op jou! Om jou eie ontwil, om jouself te beskerm, MOET jy iets teen hierdie siekte doen, voor dit epidemiese afmetings aanneem. Sluit aan by die WWV (Wit is Wonderlik Vereniging). Spaar jouself onnodige hartseer, pyn, lyding en geld. By hierdie nie-rassistiese, nie-diskriminerende, nie-winsgewende organisasie sal jy hulp, raad en informasie in verband met DIE SIEKTE kry. Sluit aan, voor dit te laat is!!!*

*Die uwe*
*Tyna Mössmer (Stigter, voorsitter, sekretaresse en lid)*

# Oud-Affie van die Termyn

**DANIEL PETRUS KIRSTEIN:**

Gebore op 26 Augustus 1929 te Klerksdorp en groot geword op die plaas Lemoenfontein, distrik Klerksdorp.

Begin skoolgaan by Kafferkraal skool. Vanaf st. 3 na Hartbeesfonteinskool tot st. 8 en matrikuleer einde 1946 aanm die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria.

Studeer vanaf 1947 in die regte aan die Universiteit van Pretoria en voltooi die LL.B.-graad aan die einde van 1951.

Begin as Leerklerk in 1952 op Delmas by die Prokureursfirma B. Pickard werk. Word vennoot na voltooiing van leerkontrak en praktiseer sedertdien te Delmas — eers onder die naam Pickard en Kirstein en die afgelope 10 jaar Pickard, Kirstein en Maree.

Op 5 Desember 1953 getroud met Pauline Bester, 'n nooi van Delmas. Sy het aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria matrikuleer. Sy het die graad B. Comm. HOD aan die Universiteit Pretoria behaal en begin skoolhou te Hugenote Meisies Springs.

Vier kinders is uit die huwelik gebore. Twee dogters en twee seuns waarvan die oudste seun en dogter getroud is. Hul het 4 pragtige kleinkinders, twee uit elke huwelik.

Mnr. Kirstein het op verskeie Rade gedien vanaf die Leerlingraad op Afrikaanse Hoër Seunskool, Studenteraad Universiteit Pretoria, Skoolkomitee, Beheerraad, Skoolraad-Witwatersrand-Oos, Hospitaalraad Delmas. Sedert 1974 L.P.R. vir Delmas. Dien tans ook op die Raad van die Universiteit van Pretoria. Sedert 1/10/82 lid van die Uitvoerende Komitee van Transvaal met departemente Hospitaaldienste en Werke tans as sy verantwoordelikheid.

**Mnr. Kirstein se boodskap**

Afrikaanse Hoër Seunskool laat altyd 'n warm gevoel om die hart kom. Na bykans 40 jaar is die uitstaande herinneringe die trots van die personeel en seuns op 'n skool wat die moeite werd is en die dissipline wat daardie trots geregverdig het. Hou dit so en almal na ons sal aanhou trots wees op ons skool.

**D.P. KIRSTEIN**

# Noodhulp

**Die noodhulpdiens is 'n noodsaaklike diens in enige gemeenskap veral in 'n skool. Die Afrikaanse Hoër Seunskool het dan ook 'n noodhulpspan wat by sportbyeenkomste en rugbywedstryde diens doen.**

Omdat die noodhelpers met die onderwysers en publiek werk, is ontsaglike goeie menseverhoudinge en leierskap 'n vereiste. Die noodhelpers het dan ook die nodige diplomasie om ouers en onderwysers mee te deel as hulle kinders en leerlinge beseer is. Daar kan en word ook leiding aan die onderwysers en ouers gegee in verband met die verdere behandeling van 'n beseerde leerling.

Omdat die algemene publiek baie krities is teenoor die noodhelpers moet hulle hulle leierskap toon deur diplomaties teenoor hulle kritiek en inmenging met behandeling, te kan optree.



*Henk Siglé "dokter" weer.*

Die noodhelpers is ook in staat om in geval van nood die leerling en onderwysers te lei om die veligste posisies in te neem ken die beste behandeling aan die beseerdes te gee.

Hierdie leerlinge word dan ook deur die skool as leiers op hulle gebied erken.

# LEIERSKAP

**Leierskap word beoefen deur 'n leier. Om as 'n leier te kwalifiseer, moet 'n persoon aan sekere vereistes voldoen. Die oorgrote meerderheid hiervan is karaktereienskappe wat hy moet openbaar.**

Seker die belangrikste eienskap van 'n leier is dat hy vaste beginsels het waarvolgens hy sy lewe, en ook dié wat hom volg, bestuur. Om werklik as 'n ware leier geklassifiseer te word, sal bogenoemde beginsels die Christelike oortuigings wees. God is die enigste perfekte leier en elke ander leier wat 'n doel in die lewe het, kan maar net poog om Sy volmaakte voorbeeld te volg.

Nog een van die belangrikste eienskappe wat 'n leier behoort te hê, is 'n sterk persoonlikheid. Dit sluit pragtig by die vorige aan, deurdat 'n leier nooit twyfelagtig of onseker optree nie, omdat hy oortuig is van sy beginsels en daarby hou. Dit kan dan ook verskillende reaksies by die volgelinge uitlok as 'n leier só optree.

Diegene wat die leier se beginsels verwerp of afmaak as ouderwets of ontoereikend, sal alles in hulle vermoë doen om die leier se beeld af te kraak — ten einde hulle idees af te dwing. Weer eens sal dit die ware leier se sterk persoonlikheid en ook sy deursettingsvermoë wees wat hom sal deurtrek. Hier het ons egter ook te doen met die populariteitsaspek en leierskap.

'n Leier hoef nie noodwendig onpopulêr te wees om waarlik te lei nie, om die waarheid te sê, die meeste leiers is gewoonlik populêr. Hetsy in die mindere of die meerdere mate, maar om populêr te wees as leier kan slegs op één manier geskied: Die populariteit moet uit die leierskap spruit. EN NIE ANDERSOM NIE!

Sodra 'n "leier" op grond van populariteit gekies word, is daar geen basis vir hom om op te lei nie, want hy moet al sy besluite neem op grond van wat die massa wil hê, en nie noodwendig wat reg is nie. Hierdie "leier" word dan ook maklik vervang deur 'n volgende een van sy soort en so gaan dit aan.

Verantwoordelikheid is ook 'n wagwoord vir leierskap. Om verantwoordelik te kan optree, moet 'n leier weer eens vaste, Christelike beginsels en 'n sterk persoonlikheid hê, maar ook moet hy sy volgelinge ken. Wanneer 'n leier sy mense se gedagtes en bewegings ken en kennis het van hulle omstandighede en agtergrond, kan hy volwaardige besluite vir hulle neem. 'n Leier moet weet wat hulle vermoëns is en nooit te veel van elkeen verwag nie — dan eers kan 'n leier verantwoordelikheid vir sy groep aanvaar, aangesien hy hulle ken en hulle vir hom en dat daar dan 'n wedersydse vertroue bestaan waarop 'n samelewing behoort te bou.

Nieteenstaande al 'n leier se sterk eienskappe, bly hy tog nog maar 'n nietiege mens en maak hy ook baie foute. Daarom moet hy na alle kritiek luister, dit oorweeg en bedink, en homself verbeter. Deur middel van kritiek sal enige leier besef dat hy nie slegs moet lei nie, maar dat hy beslis bereid moet wees om te dien, ook een van die redes waarom 'n leier altyd nederig moet wees.

Kennis van God en hulle bo jou, kennis van jouself en jou moontlikhede en kennis van dié wat jy lei, dek die tafel vir jou leierskapsete.

*Awie Marais, Stefan de Beer en Jaco Beukes.*

## OM TE HOKKIE, OF NIE . . .

**Na lang beraadslaging enoorlegpleging het die st.9-koshuisleerlinge besluit om tog die uitdaging van die seunskoshuis te aanvaar. Daar moes hokkie gespeel word: Die meisies wou hulle rêrig die vernedering spaar, maar hulle het vreeslik daarop aangedring.**

Op hierdie spesifieke Vrydagmiddag was al die meisies gereed vir die wedstryd. Netjies uitgevat in hul Boys High truie het hulle eers geswoeg en gesweet om die doelhokke in posisie te kry. Die seuns kon nie help nie, want hulle moes rus vir die wedstryd.

Twee minute na die aanvang het die meisies hul eerste doel geslaan, en sommer van die halflyn af! Die seuns het hul witgeverfde gesigte nog witter geskrik en Bert is gestuur om die doelhok te gaan volstaan. Tot dusver was dit net 'n kwessie van agter die bal aan hardloop. Bert het egter goeie werk gedoen en halftyd het die seuns 6-3 voorgeloop.


Die meisies het egter al beter begin speel. Teen hierdie tyd was die seuns baie moeg en uitgeput. Hulle is nie gewoond aan sulke harde oefening nie, wou dit voorkom. Kaptein Muis was egter deurentyd 'n groot man van inspirasie en ondersteuning en die seuns het daarn geslaag om 'n naelskraapse oorwinning van 9-6 te behaal.

Baie geluk! Dit het nogal as 'n effense verrassing gekom!

**Red.**

## Christa Visser word R10 500 ryker

**Na afloop van 'n blokraaiselkompetisie uitgeskryf deur Barclaysbank is bekend gemaak dat Christa Visser R10 500,00 vir haarself en R8 000,00 vir A.H.M.P. verdien het.**



Die Affies en personeel is baie trots en almal kan jou vertel hoe sy twee jaar lank geworstel het met die dra van 'n nek- en rugstut vanwee 'n rugprobleem. Dit het haar nogtans nie verhinder om uitmuntende akademiese prestasies en erekleure te verwerf nie.

Volgende jaar gaan Christa haar studies voortsit in die mediese rigting en oor 'n jaar sal daar behoorlik tougestaan word by dié mooi, slim doktertjie.

## DIE ACSV EN LEIERSKAP


**Die A C S V het in 1985 'n ongekende groei beleef. 'n Mens is geneig om teen die wete van mense vas te kyk en te vergeet dat die Heilige Gees mense gebruik in die diens van god se koninkryk. Daarom kan ons vanjaar met dankbaarheid terugkyk na hulle werk aan ons gegee is om in dié vereniging die leiding te neem.**

Die onderwysers wat hiermee gemoeid was, was leiers in God se koninkryk. In elke taak wat hulle verrig het, kon mens hul ywer, deursettingsvermoë en geesdrif sien. Hulle het take aangepak en met sukses voltooi, omdat hulle besef het dat alles wat hier op aarde gedoen word tot eer van God strek. Hulle voorbeeld was slegs tot groot voordeel vir Sy Koninkryk.

In die A C S V was daar vanjaar groot leiers. Op akademiese-, sport- en kulturele gebied het leiers na vore getree wat ook gemoeid was met die A C S V. Hulle leierskap op verskillende terreine het gevloei uit hul vertroue op God, uit hul geloof in Sy krag, liefde en genade en ook uit die feit dat hulle God se wil soek. Hulle was die leiers wat bereid was om te staan vir wat reg is, om populariteit nie in ag te neem nie, maar slegs die Lig van die Woord te volg in besluite en handelswyses.

Die A C S V kan slegs van krag tot krag gaan. Met Affieleiers in sy geledere wat die krag van geloof en gebed ervaar het, sal die Heilige Gees die leiding neem in dié vereniging. Die groot taak van die A C S V is om sy leiers in die toekoms aan te wend om Affies te betrek — die skool in die geheel — om deel te word van 'n vereniging wat God en sy opdragte eerste stel; 'n vereniging wat bou aan die koninkryk van God.

Stefan de Beer



# UNIEKE KOOR

**1985 was weer 'n baie suksesvolle jaar vir Affies se koor. 'n Koor soos dié in 'n skool soos dié, is uniek.**

Affies se koor het vanjaar 'n nuwe beeld aangeneem. Vroeër was die koor 'n groep seuns wat wou sing en kon sing, bestaande uit fyn én diep stemme. Vanjaar is die koor egter saamgestel uit slegs gevormde manstemme, naamlik basse, baritons en tenore. Die klank pas pragtig by die sterk Affiebeeld.

Vir hierdie koor is daar 'n groot toekoms. Maar die sukses gaan deur die SENIORS bepaal word!

Die groep van 1985 was baie klein. Die ideaal is 'n groot groep wat buite die skool 'n sterk beeld kan vertoon. Om 'n groot koor te vorm sal almal wat kan sing na vore moet kom, sodat uit hulle 'n gehalte koor gekeur kan word. In besonder meot lede van die sterk sportspanne, en prefek-kalibermanne na vore tree. Húlle sal aan die koorlede en voornemende koorlede die lus en motivering gee om óók aan hierdie groep deel te hê.



*Mev. Rika Smith en die manne met die stemme.*

# JUFFROU VERJAAR

**Juffrou op die verhoog en 800+ Affies ander op die blou mat. Na 'n blomme-erewag wat gestrek het vanaf die kantoor, onder die geklank van "Lekker verjaar, Juffrou", wat in al die stemme gesing is(!) — als en als 'n baie stadige, waardige optog soos die Affies Juffrou nog altyd geken het.**

Was daar nog so 'n dag! Die rede vir die groot geleentheid was natúúrlik Juffrou Holtzhausen se drie-en-dertigste verjaardag as deel van Affies! Hierdie laaste een sou net eenvoudig al die ander moes oortref. En dit het. Van 1 Oktober 1985 is een vreeslike fees gemaak. Gelukwensinge het ingestroom. Elke standerd het een mandjie blomme gegee as geskenk, wat elk van Juffrou se mooiste eienskappe sou simboliseer. By elke mandjie is 'n pragtige boodskap voorgedra. Dinge soos reinheid, liefde, deug en empatie is weer eens by elke Affie ingeskerp.

En nog is het einde niet! Na die mandjies rose en mooi woorde, het die prefekte 'n nuwe koperbeker aan Juffrou oorhandig en sy het almal daarop attent gemaak dat sy liewer die beker saamvat as om dit weer as dekor vir die debatie te laat(!)

Na al die mooi dinge het mev. Nel namens die skool aan Juffrou 'n "kleinnoodjuweeltjie" oorhandig. Mag dit altyd vir haar, wat ons liefde en respek oor en oor verdien het, iets baie besonder bly. Mev. Nel het mooi dinge gesê en Derize het ons almal se gevoel uitgespreek in woorde toe sy Juffrou net die allermooiste en beste toegewens het in die komende jare.

En laaste, die persoon waarom die hele dag gedraai het en dan sekerlik ook die belangrikste van almal: Juffrou Holtzhausen! Sy het haar kleintyd vir Affies opgetower, vertel van haar wonderlike vader, van broers wat dit vir dié klein rooikappie nie altyd maklik gemaak het nie, van "Long John Silver"-spelery in die gang (wat gewoonlik **met baie lawaai gepaard gegaan het). Sy het vertel van drome, van deure wat toegegaan het, net om eendag by Affies te beland: eers as 'n** Latyn-juffrou met 'n meestersgraad, toe as onderhoof en dan ook later as hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Sy het vertel van verjaardae wat lank reeds verby is, van lesse wat sy geleer het, van mense wat virhaar so baie al beteken **het, en hoe lief sy vir Affies is. Baie** het gelag en baie het stil-stil 'n bietjie gehuil. En dit is nie al wat sy vertel het nie. Sy het almal wat na haar geluister het, weer onder die indruk laat kom van die kinderlike geloof wat sy het in haar Hemelse Vader.

Na die tradisionele "Affies dra die blou" het die dag in 'n oogwink verbygegaan. 'n Lang pouse, roomyspartytjies, weer lag oor iets wat sy in die saal kwytgeraak het . . . Affies het nader aan mekaar beweeg, saam gebind in 'n diepe respek en waardering vir Juffrou Holtzhausen.

*(Liewe Juffrou, baie dankie dat u die besondere dag vir ons so lekker gemaak het, al het ońs nie eens verjaar nie!)*

**Redaksie**

# Kontak

Vroegoggend Staterdag 27 Julie, het 7 Affies aangemeld by Girls High vir 'n uitstappie. Dit was nie sommer 'n gewone uitstappie nie — dit was 'n kenmekaar dag (georganiseerd deur die nie-politiese groep KONTAK) by die Pilanesbergwildreservaat naby Sun City. Hulle was deel van ± 70 skoliere wat heelwat verskil (bv. ten opsigte van taal, geloof en omstandighede), maar een bepalende faktor in gemeen het: almal was (en is) jong Suid-Afrikaners.

Met so 'n wye verskeidenheid van Affies, Wilgers, Girls High, Eersterus en Laudium saamgegooi in die beperkte ruimte van 'n bus vir meer as drie uur, kon dit nie anders as gesellig te wees nie. Na die aanvanklike vreemdheid verbreek was, het die interessanste geselsies opgeduik. Daar is wedersyds uitgevra en geluister oor gemeenskaplike dinge, soos stokperdjies, skool, sport, musiek, ontspanning en gesinne. Almal het lekker saamgepraat en gefilosofeer oor tipiese onderwysers en dissipline; 'patrys', maats en werk het ook groot aandag geniet. Dit was vir almal 'n openbaring om meer te hoor van jou mede-Suid-Afrikaners se leefwyses, geloof, ideale en lewensuitkyke.

Die kontak met nuutgevonde vriende word steeds behou. Dit was 'n interessante leerskool wat gerus herhaal kan word!

# Hulle noem hom B.A.




# Graskop

**7-uur die oggend, Donderdag 25 Julie 'n trop seuns staan in 'n bondel om drie busse. 'n Halfuur later kyk 'n paar bekommerde moederoë hoe die busse om die hoek dreun. Sal sy hom weer sien?**

In die bus wil die geselskap maar net nie vlot nie. Die gevoel van onsekerheid wil hul net nie uitlos nie! Soos die bus die kilometers opvreet, raak dinge egter los en dit was jollie-patrollie totdat hul weer wreed teruggebring is na die harde werklikheid. GRASKOP 30 . . . GRASKOP 10 . . . lees die borde langs die pad, en eindelik blaas die bus sy laaste asem uit by Veldskool Graskop.

Daar sal nog lank bepeins en bespiegel word oor wat eintlik verkeerd geloop het. Daardie eerste 10 minute! Die Affies staan nog en gesels toe storm daar so 'n sewe voet reus uit die bosse op hulle af. Deur sy pikswart snorbaarde bulder hy in een lang sin wie hy is, wie hul is, wat gedoen moet word en die belangrikste van alles — wat nie gedoen moet word nie!

Van toe af het dinge vinnig gebeur: eet, slaap, P.T., eet, lesings, eet, lesings, . . . Die hoogtepunt van die eerste dag was ongetwyfeld 'Operasie Kajak! Dit was 'n kanovaart op 'n kompetisie basis tussen die hutte. Vooraf is hulle eers mooi touwys gemaak:

"As jy aan die linkerkant stoot of aan die regterkant trek, beweeg die regterkant vinniger as die linkerkant, en die punt van die kano beweeg links, terwyl as jy aan die regterkant stoot of aan die linkerkant trek beweeg die linkerkant vinniger as die regterkant en die kano draai regs. Eenvoudig, nê . . ."

Na "Katastrofe" Kajak het die meeste Affies geen nut daarin gesien om nog te stort nie.

Dit is onnodig om te sê dat Affies natuurlik weer die bestaande rekord vir die hindernisbaan heeltemal ver . . . e . . . neder het. Die voltooiing van die baan was 'n lewensgevaarlike affêre want dit het gevoel of die rivier enige oomblik kon verys met noodlottige gevolge!

Om 'n lang storie kort te maak — die dag voor die vertrek het daar eers weer 'n stukkie tradisie afgespeel. Daar is 'n klip ontdek waarop daar 'n groot Affie-wapen uitgebeitel was, met die datum 1978 daaronder. Ons was ook nie links nie 1985 is met groot trots daaronder uitgekap. Dit, die simbool van 'n puik skool en 'n puik st. 8-groep!

## AFFIES STAL UIT — EXPO '85

**Op Saterdag 28 September het die finale rondte van 1985 se Expo vir Jong Wetenskaplikes plaasgevind. Vir Meisieshoër se 10 verteenwoordigers was dit regtig 'n lekker ondervinding.**

Die uitstalfasiliteite was die beste in baie jare. Daar was nie alleen oorgenoeg plek vir almal nie. Mnr. Gray het selfs musiek verskaf, wat beslis die dag opgehelder het.

Wat die beoordeling betref: die beoordelaars was omtrent almal kenners op hul gebied en hoewel daar 'n aantal kopkrapvrae gevra is, was die meeste meisies baie tevrede met die beoordeling.

Die groot verrassing was met die prysuitdeling. Meisieshoër was van die skole wat die meeste pryse ontvang het, hoewel daar vanjaar maar elf inskrywings was. Slegs een inskrywing het nie die finaal gehaal nie, en van die tien by die finale rondte het net een inskrywing nie 'n prys gewen nie.

Die pryswenners was:
Annekke Op't Hof, st. 6, Meriete.
Nandi Visser, st. 7, Silwer.
Helena Barnard, st. 8, Brons.
Gezina Hoffmann, st. 8, wen 'n goue medalje met haar taak oor die nier.
Maryna van der Vyver, st. 8, goud vir haar taak oor bloutong by skape.
Landi Pieters en Sonya Cloete, st. 8, goud vir hul projek oor hidroponika.
Esmé van Achterbergh, st. 9, brons.

Verder het Melinda Steytler, st. 9, die Meiring Naude-prys vir uitstaande werk gewen met haar taak oor kwantummeganika.

Die Affies het regtig uitstekend gepresteer, maar daar kan beslis meer inskrywings wees. Hoe lyk dit met 'n poging volgende jaar?

# Terroriste terroriste

**Oorverdowende masjiengeweervuur. Toe is dit stil . . . ANC? Swapo? Nee, net die vindingryke Personeeltoneelvereniging van Affies.**

Terroriste, Terroriste — 'n spannende, dog lagwekkende drama deur A. Swart is op 5 en 6 September in die saal van die Afrikaanse Hoër Seunskool aangebied. Die kultuuraand is gekenmerk deur 'n uitstaande voorprogram met die Blaasorkes, koor, individuele items en dies meer.

Na pouse was dit tyd vir die hoofdis.

Dat mev. Eloff kan debiet, krediet en oorboek, is waar, maar toneelspel? Mev. Eloff het ons met haar verleidelike spel verras. Die ouma se teendeel is 'n week later bewys.

Die bedeesde mev. Saayman het ons net so verras. (Seker die breiwerk by die skaak geoefen.)

"Ag, jussie, Pa!" Is dit nie lekker om die bekende tienerwoorde uit die mond van klein Koos, ekskuus, ek bedoel mnr. Van Niekerk te hoor nie?

Die pigmentasie ten spyt, was die spierwit tande weer eens reklame vir Colgate. Mnr. "Smakkie" Vermeulen het sy rol uitstekend vertolk.

Happy Oosthuizen vertel nou die dag dat mnr. A. van Deventer 'n kranige rugby- en krieketspeler was. So 'n kranklike predikant en mnr. Van Deventer rym nie.

Net so min as wat spaghetti en pap versoenbaar is, net so min hoort Grietjie en Juan bymekaar — knap gedaan, mej. Appelgryn en mnr. Panaino.

Ella Joubert — tipies mev. Bester. Reguit, spitsvondig, plat op die aarde. Kla die mense nie reeds baie oor die telefoonrekening nie!

Laaste, maar inteendeel nie die minste nie — mnr. Dirk Taljard. Nie net het hy die regie waargeneem nie, maar "Jakobus" het sy roeping gemis. "Klaar gepraat, klaar!"

Dit was puik. Hopelik maak hul volgende jaar wéér so.

**'n Akteur duisend!**

# EXPO '85

Met die Transvaalse uitdunkompetisie, was die Affies weer aan die voorpunt! Daar is twintig aangewys om aan die landswye kompetisie te gaan deelneem. Dit beteken dat 85% van ons deelnemers, deurgedring het teenoor ander skole se 30% tot 50%.

Die standaard van die inskrywings was hoog — die seuns kan met reg trots wees op dié prestasie. Só ook mev. A. Smit en mnr. G. Keyter.

Sterkte word hul toegewens vir die verdere voorbereiding en die finale kompetisie aan die einde van September wat in die sportsentrum van die Universiteit van Pretoria sal plaasvind.

Die leerlinge wat 'n eerste erekleure toekenning as Expo-medalje wenners ontvang, is: Hendrik P. Boshoff, James Cross, Johannes S. de Klerk, Hans J. Gildenhuys, Nathanaël, S. Grobbelaar, Luan Kloppers en 'n tweede toekenning gaan aan Daniël F.B. de Beer en Philip R. Page.

*Dear Madam/Sir*

*I am an empty hand, I do not have enough books to read, therefore. I am asking you if you can help me with some. The books I am asking can be any kind, provided they are brought to me. I am doing my grade four at the above mentioned school. Our school has not enough books because it is quiet new. Do not look my mistakes of breaking english I am a 10 years boy.*


*Please your help is needed.*
*Yours faitfully.*
*Chenjerai S. Nhete*
*N.B.) I also wanted to know how to plan a family.* (**Brief onveranderd. Red.**)

## TAMBOERMAJOOR: FRANCOIS DU TOIT

Die tamboermajoor se primêre taak is om aan 'n spelende orkes leiding te gee deur middel van 'n staf, aangesien die gesproke bevel onhoorbaar is. Sekere drilbewegings moet dus bo- en behalwe die normale aangeleer en met militêre presiesheid uitgevoer word. Hierdie bewegings is voorwaar van die moeilikste drilwerk bekend.

In Affies is die tamboermajoor tradisioneel in matriek. Sy taak moet te alle tye met verantwoordelikheid uitgevoer word omdat ander mense van sy leiding afhanklik is. Sy taak behels meer as om bloot voor die orkes te staan. Hy moet sy orkes ken en waar nodig, met probleme help, vertroulike inligting kan hanteer, duur instrumente hanteer en gesag deurtentyd kan handhaaf.

Om bewegings met die staf presies uit te voer, verg ure se oefening en selfdissipline. Nie alleen skep die skerp bewegings 'n goeie indruk van die orkes nie, maar word dit op die jaarlikse kompetisie baie streng beoordeel. Onder leiding van stafsersant Kenneth Terry en mnr. Adri



*Francois du Toit.*

Booysen het Francois du Toit, hierdie jaar se tamboermajoor, baie goed gevaar. In die kadetkompetisie, wat op Saterdag 7 September gehou is, is sy harde werk beloon met 'n uitslag van 82% — 'n onderskeiding in drilwerk! Hy is dan ook die wenner in die Pretoria-Oosstreek Kadetkompetisie en word as die beste tamboermajoor bekroon.

Francois is egter 'n baie veelsydige persoon, daarby ook 'n lid van die swemklub, kunsklub, noodhulpklub, landsdiensklub en skaakklub was. Hy is 'n baie goeie swemmer en waterpolospeler. Hy was ook die voorsitter van die landsdiensklub en groepleier op die nasionale kamp te bydra. Laaste, maar nie die minste nie, is hy ook 'n goeie sanger en sing in die Noord-Transvaalse Jeugkoor.

## Blaasorkes

Dit was 'n goeie jaar vir die blaasorkes. Hulle het dikwels opgetree en is baie dank verskuldig aan mnre Booysen en Poolen, die afrigters, wat soms erg moes bontstaan. Hul het iets heel besonders met vanjaar se vyf-en-twintig lede reggekry. Die betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria asook by die Laerskool Pretoria-Oos se Krugerdagfunksie, die Paastablo vroeër vanjaar en die Kadetinspeksieparade, het hierdie geleenthede afgerond. Groot dank aan Henk Siglé en die ander matrieks wat die orkes bekwaam gelei het.

'n Kers is nie daar om homself te verlig nie, daarbenewens moet hy homself in die proses vernietig. Dikwels is dit so met musiek! Ons hoop dat die orkes volgende jaar baie nuwe lede sal bykry.

Viva Musica!
**L. de Jager**

# NUWE TRADISIE?



Op Donderdag 3 Oktober het die Affies weer eens aan almal bewys wat is hulle steek. Daar is besluit om blikkieskos en klerasie in te samel vir al die mense in ons stad, wat nie so bevoorreg soos ons is nie.

Sommer baie gou was die tafels toegepak onder die blikkiekos en klere, en ons wil elke Affie bedank wat daartoe bygedra het om iemand se hart bly te maak.

# JEUGDAG

**Wié sê dat die Affies nie weet hóé om hul te geniet nie — moet wéér dink! Jammer dat dié doemprofete nie by die jeugdag op 4 Oktober was nie! Lanklaas was daar soveel pret in Affieland!**

Die dag het met 'n saalopening afgeskop en wát 'n saalopening! Dr. Gert J. Potgieter, oud-skoolhoof van die jare 1947-1963, het die Affies weer van nuuts af laat besef dat dit 'n groot voorreg is om 'n Affie te wees. Die Affieseuns het weer die mag van tradisies as bindingsmiddel beleef — die voorreg om te mag trap in die spore van die oud-Affies wat verantwoordelik was vir die instelling van Krugersdag en wat die Afrikanergemeenskap sterk op die been gebring het.

Na pouse het mej. A. Holtzhausen van die seuns afskeid geneem. Op hul het 'n groot verrassing gewag toe die fyn dame hul vertel het hoe lief sy ook vir seuns is. Menige seun kon beter verstaan waarom sy só 'n geliefde en gerespekteerde hoof vir die meisies is. Haar vroulikheid, verfyndheid, en unieke humorsin en pittige sê-goed het haar ook 'n plek in hul harte laat inneem. Voorwaar 'n dinamiese en merkwaardige dame!

Na dié verrykende boodskappe en die boomplantseremonie het die seuns hul sportdrag aangetrek en die wagtende meisies op die rugbyveld ontmoet vir boeresport(s)! Die driebeen-resies het soveel byval gevind dat sommige seuns aan meer as een wedloop deelgeneem het. Mev. "Fires" van Vuuren het weer eens getoon hoeveel "vuur" daar nog in haar is en mnr. Poerie van Rooyen vir 'n wedloop uitgedaag.

Natuurlik kon mev. R. Bester en mnr. Andre Swart nie anders om ook hul fiksheid te toon. Daar was ook 'n Baksteen wat vóór die wenpaal sy rol gerol het . . .

Die "eiergooi" het die toeskouers ook betrek en net soveel van hulle as die deelnemers was sopnat.

Die onderwyserspan het met "eerlike" spel daarin geslaag om die matriekspan in die raakrugbywedstryd te klop.

Die ACSV-span wen teen die st. 8 en 9-span in 'n volleybalwedstryd en sorg vir baie opwinding.

Die hoogtepunt van die dag was die piesangeet behalwe vir húlle wat die piesangs moes éét! Dis net jammer mnr. Panaino was so gou met die aanjaag!

Die Appelkaskafee het in die hongeriges en dorstiges se behoeftes voorsien. Johan Stumpf het ook agtergekom dat 'n sekere onderwyseres baie beter oor 'n dieet vir 'n groeiende jong mannetjie kan besluit en jy geen sê in jou bestelling het, maar net moet betaal . . . Bewaar jou siel en jou geldsak as die bedrag vir die bestelling reeds uitgewerk is en jy wil 'n verandering van spyse voorstel . . .

Hierdie gesellige dag het die gees net weer versterk en almal wag in spanning vir volgende jaar . . .



### VOORTREKKERS: HOOFLEIERSWAG EN DIE PRESIDENTSVERKENNER

**Slegs Voortrekkers wat reeds matrikulante is, kan die toets om die Hoofleierswagtoekenning aflê. Daar is ook 'n hele aantal vereistes waaraan hulle onderwerp word voor die toetsing, naamlik hulle moet minstens drie jaar aan die Beweging behoort, ten minste ses onderskeidingstekens behaal het en vele ander.**

Dié Verkenners word dan aan 'n drie-uur lange toets onderwerp waarin hulle in elke aspek van Voortrekkerwees getoets word, byvoorbeeld touwerk, nasietrots, kaart- en kompaswerk, menseverhoudinge, geskiedenis en talle ander.

Die standaard van dié toets is uiters hoog en die normale slaagsyfer is ongeveer 65%. Slegs een derde van die Transvaalse Verkenners het vanjaar hierdie toets geslaag.

Uit die geledere van die Hoofleierswag is daar toe 64 na die Presidentsverkennerkamp uitgenooi (dus 64 uit Transvaal). Om na hierdie kamp uitgenooi te word moet die Verkenner 'n minimum gemiddel van 70% in die Hoofleierswagtoets behaal en ook die aanbeveling van sy Kommandant en Kommandobestuur kry. Dit geskied op grond van sy leierskap en gesindheid.

Die volgende Hoofleierswagte het die kamp bygewoon:

Hendrik de Korte, Anton de Bruyn, Nico Kriek en Thomas Garner. Die standaard op hierdie kamp was uiters hoog en daar is in alle aspekte van leierskap en gesindheid geëvalueer.

Die Presidentsverkenner die hoogste toekenning gaan aan Anton de Bruyn.

# PRYSUITDELING

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool se prysuitdelingsfunksies het met die oggendfunksies in standerdverband afgeskop waar sertifikate en boekpryse oorhandig is.**

Tydens die luisterryke aandfunksie van 18 Oktober is die spesiale toekennings oorhandig. Akademiese erekleure is aan talle seuns wat 'n gemiddelde persentasie bo 80% behaal het, toegeken.

Erekleure op grond van buitengewone sportprestasies waar leerlinge selfs vir die vyfde keer 'n erekleuretoekenning ontvang: Tobie Adelaar (landloop); Jan C. Bekker (swem); Philip Oosthuizen (waterpolo). Vierde toekennings is gemaak aan: Ingo U de Mûelenaere (gimnastiek), Quintin I. Blake (landloop en 'n tweede toekenning vir tennis), Stefanus de Beer (landloop en 'n eerste vir atletiek). Cobin Angelo kry 'n derde toekenning vir atletiek, 'n tweede vir rugby wat ook dui op veelsydige deelname.

Daar word ook erekleure op grond van buitengewone prestasie op kulturele gebied oorhandig. Daar is 8 leerlinge wat as Expo-medaljewenners Natuurwetenskappe balkies verwerf. Voorts is erekleure aan kadetorkeslede, koorlede, landsdieners, toneelspelers en Voortrekkers, toegeken. Anton de Bruyn het die besondere prestasie behaal om as Presidentsverkenner in die Voortrekkers te vorder.

**Trofeë en spesiale toekennings**

Die A.H.S. verower drie Administrateursbekertrofees in landloop, rugby en tennis — voorwaar 'n uitstaande prestasie.

Daar word talle wisseltrofeë oorhandig in atletiek, krieket, landloop, rugby, swem, tennis, waterpolo, sagtebal, en gholf.

Die Sportman van die Jaar is dan André Odendaal wat die Dries Lategaantrofee verower weens sy veelsydigheid en N.Tvl.-kleure in rugby en krieket en omrede hy ook in die Tvl.-Skole rugbyspan gespeel het.

Maar die ouers en leerlinge vra nie net erkenning, hul gee ook erkenning. Die ouers o.l.v. mnr. Reinhardt Muller toon hul dank en waardering deur aan mnr. Poerie van Rooyen 'n trofee te oorhandig vir sy puik afrigting wat die eerste rugbyspan tot oorwinning van die Administrateursbekertrofee gelei het. Besonderse ouers wat besonderse kinders het.

Hermann Rolfes toon dat hy 'n goeie orator is deur die Eeufeesskild vir die Senior Afrikaanse Redenaarskompetisie los te praat en ook die Jubileumtrofee as wenner van die Senior Engelse Redenaarskompetisie. Voorwaar uitstekend.

Francois Erasmus ontvang die L'Arttrofee as die verdienstelike kunsleerling.

Skilde word ook toegeken aan die Akademiese Dux-leerling in elke standerd: Christiaan F. van der Merwe (st. 6), Gerhardus Venter (st. 7), Pieter B.W. Wolmarans (st. 8), Philip L. Page (st. 9) en Philippus Smit (st. 10).

Daar is ook 'n aantal matriekleerlinge wat die T.O.D.-12 jaar skoolbesoek sertifikaat ontvang: Colin Angelo, Gert J. Coetzee, Cornelius Eksteen, Cornelis W. Strauss en Francolis N. Ströh.

Die toekennings vir besonderse prestasie deur Perskor toegeken, gaan in 1985 vir Akademie aan Philippus Smit wat die hoogste gemiddeld in matriek gehandhaaf het — 91% gemiddeld. Die toekenning vir leierskap: Colin Angelo wat hom as 'n uitstekende koshuis-hoofseun en onderhoofseun onderskei het. Die toekenning vir Buitemuurs gaan aan die alsydige Stefan de Beer, wat atletiek, landloop, en aan redenaarskompetisies deelgeneem het. 'n A.C.S.V.-leier was en talle meer bedrywighede beoefen het.

**Ambassadeurstoekenning**

Die Ambassadeurstoekenning deur die A.H.S.-Oud-leerlingbond geskenk, gaan aan Colin Angelo wat hom op alle terreine as 'n uitstekende ambassadeur vir die skool bewys het.


**Alsydigheidstrofee**

Die Alsydigheidstrofee gaan aan Abraham de V. Marais (beter bekend as Awie Marais) wat op akademiese, buitemuurse en leierskapsgebied uitgeblink het.

**Volle skoolerekleure**

Dienslewering word altyd beloon!


Volle skoolerekleure, dié toekenning, word gemaak aan Jaco Beukes (hoofseun), Colin Angelo (onderhoofseun), Johan Beyers (onderhoofseun), Stefan de Beer, Awie Marais en Faan Hartman. Alsydige leerlinge wat hul op vele terreine uitstekend bewys het.



*Perskortoekennings gaan aan: Flip Smit (akademies), Stefan de Beer (buitemuurs), Colin Angelo (leierskap).*




*Verwerwers van volle skoolerekleure: Agter v.l.n.r.: Johan Beyers, Colin Angelo, Jaco Beukes. Voor v.l.n.r.: Faan Hartman, Stafen de Beer en Awie Marais.*



*Sportman van die Jaar, André Odendaal.*


# *Toekennings*



*Presidentsverkenner: Anton de Bruyn.*



*Akademiese Dux-leerlinge: Agter v.l.n.r.: Philip Page (st. 9), Pieter Wolmarans (st. 8), Flip Smot (st. 10); Voor v.l.n.r.: Gerhardus Venter (st. 7) en Christiaan van der Merwe (st. 6).*



*Colin Angelo verower die ambassadeurstoekenning.*


GESEËNDE TROUDAG.
HET JY DIE BAL?
HUGENOTE
AFRIKAANS
OMNIA KUNSMIS
Bob Bell INSURANCE CONSULTANTS
NEE!
Ek HAAT Geskiedenis!!
UNDERSTATEMENT


DIT WAS 'n JOLLY PARTY.
WHAT HAT?!
APPELTJIE VAL NIE VER VAN DIE BOOM AF
AG FOEITOG!
DIT IS MY BLINKANT!
GELUKKIGE VERJAARDAG

# Vertrekkende veterane

### MEV. E. BIERMAN

Mev. Eugene Bierman, by ons beter bekend as Ma'am, isop 18 Maart 1920 op Litchtenburg gebore. Daar het sy die eerste 8 jaar van haar lewe gebly, tot sy na Smithfield gegaan, en daar gematrikuleer het. Haar opleiding het sy aan die Potchefstroomse Universiteitkollege voltooi. Daarbenewens het sy ook by Unisa en Wits studeer.

Haar eerste aanstelling was reeds in 1940 by Hartebeespoortdamskool.

Januarie 1970 begin Ma'am by Meisiehoër werk — wat haar dienstydperk 16 jaar maak. Hier het sy Engels gegee vir die St. 7's en ook die kunswedstryd behartig.

Ma'am sê dat dit wonderlik by Affies is. Haar enigste beswaar is dat sy moet aftree. Haar lewe vorentoe gaan egter nie leeg wees nie — sy gaan vertaalwerkdoen haar kunsskool heropen.

Meisiehoër sal hierdie dame, wat met haar "memo's" en "hurry up, ladies". 'n Unieke plek in ons skool beklee beslis nie vergeet nie.

Benewens haar vak, Engels, behartig mev. Maritz ook die English Literary Society en debatte.

Na haar dienstydperk by Affies, waar sy veral die onderlinge omgeevir-almal en liefde waardeer het, en die verjaarsdae wat so vrolik gevier is, geniet het, gaan sy na NKP. Affies wens mev. Maritz alle sterkte toe.

### MEV. ELERA MARTIZ

Op haar rustige, kalm manier gee mev. Martiz nou al meer as 11 jaar Engels by Affies. Wie is sy, en waar kom sy vandaan?

Mev. Elero Martiz is op 26 September 1938 in Rondebosch in die Kaap gebore. Sy het daar, aan Rustenburg Girls High gematrikuleer en haar opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch geniet. Haar verse betrekking was dan ook by Bloemhof meisieskool in Stellenbosch.

Mev. Maritz is sedert 1963 aan Meisieshoër verbonde. Sy het egter eers van 1977 ononderbroke by ons begin werk, want sy het eers "haar kinders grootgemaak en 'n draai in Amerika gemaak."


Alle Affies is welkom by

**DIE KELDER**

se spesiale November- en Desember aanbod. Kom kyk gerus na ons pragtige voorraad slenterdrag

**25% tot 33 1/3% Afslag**

LW: Ons adres is:
Transvaalhuis
Vermeulenstraat 286
Tel. 21-1137


# Afrikaansweek 1985

**Bloemfontein. In die winter. Koud, vaal, verlate, of só het die sewe Affies gedink! Die sewe Affies is nou eintlik Derize, Yolande, Sansia, Catherine, Frieda, Hanneke en Tyna wat na die Nasionale Afrikaansweek by die UOVS uitgenooi is, op grond van hul prestasie in die 1984 Afrikaanse Olimpiade.**

Die week is heeltemal formeel met 'n formele opening-en-verwelkoming deur 'n formele professor begin. Van toe af het dit net al meer informeel, nie-formeel, onformeel en antiformeel gegaan, totdat die Affies aan die einde van die ses dae goeie vriende met al die doktors, professore, dosente en verskeie ander manlike sprekers was. (Daar was nie tannies nie, Juffrou!)

Die presteerders het die kampus en Bloemfontein platgeloop. Hulle was by die kolossale universiteitsbiblioteek, die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), waar hulle deur prof. P.J. Nienaber toegespreek is by die drukkery van "Die Volksblad", (dis nou 'n koerant in die Vrystaat), die Ou Presidensie, die oorlogsmuseum en die vrouemonument (vir 'n stukkie kultuur!)

Onder die baie baie baie interessante en wonderlike mense wat hulle ontmoet het was Danie Hugo en Fanie Olivier. (Digters is eintlik ôk gewone mense!)

Hulle het oor die toekoms van Afrikaans, (duister, duister) gepraat, Etienne le Roux bespreek en BAIE oor nie-verbale kommunikasie, oftewel "body language" geleer!

Nie te vergete nie was natuurlik die ontbyte, middag- en aandetes, verversings en die dinee aan die einde van die week! (waar Hanneke 'n GROOT eerste prys vir haar kreatiewe skryfwerk gekry het!)

Dit was 'n fantastiese week, met net een ou kwelpuntjie: die vroegopstanery! Veral die arme ou st. 9-tjies kon die pas nie volhou nie en was spoedig bekend en/of berug vir laatkom! Hulle het selfs amperamper die vliegtuig terug huistoe verpas!

**Tyna Mössmer.**

# OHOPOHO — 'N KOSHUISDRAMA

**(Met apologie aan die vorige eindeksamenkommissie en aan u — die leser)**

**"Watse storie?" vra ek.**
**" 'n Komiese situasie wat Meneer in die koshuis beleef het", antwoord Rankin.**
**"Goed, ek sal probeer. Moet seker môre klaar wees?"**
**"Ja" sê hy.**
**"Soos gewoonlik" dink-sê ek.**
**"Askuus, Meneer?"**
**"Nee, niks."**

Ek stap die studiesaal binne. Hulle rumoer nog soos barbare. Die pad na my tafel is versper met tasse. Elke tas is beskryf en beverf en beplak: "Whamm 999", "Durban, Durban", "In case of fire — add petrol", "Jackaline's" (net so gespel — slaan dalk op die meisies) ens., ens. En natuurlik dra elke tas ook nog die kanariegeel AHS-embleem. (Die negatief van dié embleem is Maandae ook duidelik sigbaar op die seuns se skoolklere nadat die "baas-neus-in-saak-stekers" met hul stensels en spuitkannetjies op die aantreeblad toegesak het. Die vreemde woord wat ek hier gebruik is 'n skepping van mnr. Chris Kruger. ("Sies, mnr Kruger!") Ek skep orde en skuif my boeke reg. Dit raak stil. Doodstil, vir 'n wonder. Hou hulle dop . . .

Ek het belowe, en sal nou gou iets vir Rankin moet skryf, maar Pistool kom pla eerste. Hy wil inligting hê oor die gedig "Martha". Moet glo in die klas daaroor praat. Ek sê ek sal kyk of ek iets het. Pistool loop druipstert terug. Maar, dit is nie die eerste keer dat iemand my iets oor Martha vra nie. Gister wou "iemand anders" ook inligting oor die gedig hê omdat hy glo nie kop of stert daarvan uitmaak nie . . . Dit laat 'n mens nogal dink, né.

Ek kyk weer 'n bietjie rond. Boy George het so pas totaal ineengestort. Hy lê roerloos op sy arms. Ek gaan kyk. Hy het volmaaktheid geraak. Na maande se oefen in die studiesessies het hy uiteindelik die perfekte punk geskets., 'n Meesterstuk — mens kan selfs die gom in sy punk se hare sien blink. Nog 'n knaap stort ineen. Ek besluit om 'n stokkie voor al die ineenstortings te steek, maar onthou gelukkig die gesprek vroeër in die jaar met sy moeder. Sy het die storie oor al haar seuntjie se misdrywe stil sit en aanluister, en toe op die punt van die stoel gaan sit, rondgekyk en geheimsinnig gefluister: "Meneer sien, hy is hiperaktief." Ek los toe maar. Wil nie graag aan 'n tydbom karring nie. Maak jy hom nou wakker, is hy dalk so hiperaktief dat hy begin gesels of in sy tas grou of iemand by t of dalk deur die venster spring. Laat maar liewer slaap. Sy moeder het my darem mos daarvan verseker dat hy 'n genie is, maar dit net wegsteek, en dat hy op die ouderdom van drie al die ministers se name geken het en al die verse van die volkslied kon sing. "Elkeen dink maar sy swart kraai is 'n leghorn" sê 'n ouer kollega altyd.

Weer Pistool. Hy word oorval deur 'n vlaag van grootmoedigheid en knoop Bert se skoen vir hom. Hulle, die twee ou vrinne, kyk mekaar vir 'n oomblik betekenisvol aan . . . soveel begrip! Ek kyk hulle ook betekenisvol aan . . . soveel minder begrip. Bert sien ek kyk en begin verwoed met sy huiswerk. Pistool weet nie ek kyk nie, maar Bert waarsku hom met 'n skewe mond. Nou is dit weer Polla. Hy hou my dop. Hy sit met sy rug na my, maar daar is 'n klein spieëltjie, oorblyfsel van die badkamerspieël wat tydens 'n stoeigeveg in die slag gebly het, teen die muur voor hom vasgeplak. Ek bevlieg hom; sis deur my tande: "In hierdie koshuis doen ek die bespiedwerk, nie jy nie!" Ek steek die spieël in my sak en gaan sit. 'n Rukkie later loop daar bloed langs my been af . . .

Tussen die middag- en aandstudiesessie word daar gebad en geëet. Ek loop my draai deur die gange. Die reuk van seep en sweetweerder hang swaar in die lug. Iemand peuter aan 'n kraan en die volgende oomblik kom daar net stoom uit. 'n Knaap storm so rooi soos 'n kreef by die stort uit en snou die kraanpeuteraar iets toe waarvoor hy baie maklik, indien hy dit in die openbaar sou sê, in die tronk sou kon beland. Ek moet ingryp. Trap hom uit en is van plan om hom op te voed, maar kry hom jammer en verstaan sy optrede toe ek sien dat daar nog stoom uit sy kop en nek trek. Ek volstaan maar met 'n a-la-ou-truuk: "Finale waarskuwing! Het jy gehoor?"

Maar daar is nog iets wat pla — dit is 'n reuk. En hierdie keer is dit nie Brutt of Lux of Mum of Pavane of Jump of Lucky Boy of Playboy of His-and-Hers nie — die Camel! Verbete begin ek soek. Maar, soos gewoonlik is ek net te laat. Deur die rookneuwels sien ek net tasse in die leë taskamer. "Nou vinnig asems ruik" dink ek. Alle bewyse is egter verwyder. Ek het wel 'n vermoede. Dit is nogal vreemd as iemand wat nog nie eers skeer nie, naskeermiddel gorrel.

Later, veel later, dwaal ek op my laaste rondte deur die gange. Alles is stil. Daar onder in die gang brand nog 'n lig. Ek gaan nader en hoor gedempte stemme. "Mooi" dink ek "miskien is dit die kamele". Maar dit is nie die kamele nie — dis skape (ek verwys na die uitdrukking in die oë). Almal verlief en worstelend met die etiek. Ek voel my mening gaan gevra word. Nou moet mens versigtig wees; junior onderwysers se mening word nêrens sommer gevra nie. As dit wel gebeur, moet jy nie te oorgretig voorkom nie. ('n Mens kry dan dalk net 'n bynaam soos "Brakkenjan" of iets.) Ek gaan stadig op die hoek van 'n bed sit en ek sug. Die kêrels het 'n gemeenskaplike probleem: st. 6-meisie. Hulle is almal in st. 9. Een het al geruime tyd 'n geheime verhouding met 'n st 5-meisie. Ek moet my uitspreek oor reg en verkeerd. Baie gou voel ek dat ek nie sê wat hulle wil hoor nie en kies toe maar weer koers. Is nogal moeg.

Ek drink 'n laaste koppie tee. Pretoria-Oos se klok lui een maal. 23h30, 00h30, 01h00 of 01h30? Ek weet nie; vra ook liewer nie., Vroulief is stil. Sy dink seker aan 'n nuwe manier om my soggens wakker te kry. 'n Doktersvriend het gewaarsku dat indien 'n persoon te veel gewurg word, hy later ernstige strottehoofprobleme kan ondervind. Ek stel die wekker motories — slaap eintlik al.

Jammer, ek het nie by dié storie uitgekom nie.

# ONDERHOUDE

### MEJ. HIRSCHORN

"Klim af van die gras af!" "Dogters, dis die laaste keer wat ek praat! Dogters!"

Wie weet nie wie dit altyd sê nie? Ook 'n oud-Affie: Mej. Hirschorn.

Sy is op 13 Oktober 1945 op Rustenburg gebore, maar het na Meisieshoër gekom as koshuisleerling in 1959.

Haar skooldae was lekker, hoewel die koshuisreëls toe baie strenger was. (Dit is heeltemal te verstane — mej. Holtzhausen was toe koshuishoof!)

Sy het in Julie 1972 diens by Meisieshoër aanvaar. In die 13½ jaar wat sy hier skool gehou het, het sy diep spore getrap. Benewens haar vak, Geskiedenis, wat sy toegewyd gegee het, was sy ook huishoof van Huis Steyn, hoof van die netbal, het vier spanne self afgerig en het die lewensaar van Affies — die snoepies, behartig.

Van alles by Affies het mej. Hirschorn die blomme en vroulikheid die meeste waardeer.

Volgende jaar gaan sy as departementshoof van geesteswetenskappe by Linden werk. Ons wens haar sterkte met haar loopbaan toe.

### MEV. DOT VAN DER HOVEN

Mev. Dot van der Hoven, 'n oud-Affie, gaan na 'n jarelange verbintenis met Affies, die tuig neerlê.

Mev. Van der Hoven is 'n gebore en getoë Pretorianer. Haar skooljare het sy by Laerskool Pretoria-Oos en Meisieshoër deurgebring en daarna by Tuks gaan studeer.

Mev. Van der Hoven het in 1978 by Meisies Hoër begin werk. Sy is, soos sy haarself beskryf, 'n "jack of all trades", wat al omtrent alles behalwe L.O en Geskiedenis gegee het. Daarbenewens het sy ook met tennis en die biblioteek gehelp.

Na haar aftrede gaan sy en haar man rondreis en hul huis langs die see geniet.

Mev. Van der Hoven vertel dat dit in haar skooldae baie anders was. Daar was net 300 kinders in die skool. Hulle st. 9-groep was die eerste wat 'n matriekafskeid met 'n dans gereël het. Omdat hulle nie in die skoolsaal kon dans nie, het hulle 'n saal in Vosstraat gehuur. In haar matriekjaar kon hulle wel dans by die skool, en het in die destydse saal, die mediasentrum, gedans en in 'n ander klas speletjies gehad.

(Sy het ook na jare haar heimlike begeertes, beken: naamlik om by die trappies langs die Latynklas se reling af te gly.)

Mev. Van der Hoven sê dat Affies 'n pragtige skool is, 'n prestigeskool wat sy prestige verdien. Sy beaam juffrou Holtzhausen se woorde volmondig: "Die kinders het my nooit gedrop nie."

Ons beste wense vergesel mev. Van der Hoven wanneer sy aan die einde van die jaar tot siens sê.

# *CRASH COURSE*

**You'd like to improve your knowledge of the English language? Here's an opportunity you shouldn't miss! Try to identify as many familiar phrase as possible:**

1) Scintillate, scintillate, asteroid minific.
2) Members of an avian species of identical plumage congregate.
3) Surveillance should precede saltation.
4) Pulchritude possesses solely cutaneous profundity.
5) It is fruitless to become lachrymose over precipitately departed lacteal fluid.
6) Freedom from incrutation of grime is contiguous to rectitude.
7) The stylus is more potent than the claymore.
8) It is fruitless to attempt to indoctrinate a superannuated canine with innovative manouvres.
9) Eschew the implement of correction and vitiate the scion.
10) The temperature of an unremittingly ogled saucepan does not reach 100 degrees celsius.
11) All articles that coruscate with resplendence are not truly auriferous.
12) Neophyte's serendipity.

If you don't have number 12 and a dictionary isn't within easy reach, here are the answers:

1) Twinkle, twinkle, little star.
2) Birds of a feather flock together.
3) Look before you leap.
4) Beauty is but skin-deep.
5) No use crying over spilt milk!
6) Cleanliness is next to godliness.
7) The pen is mightier than the sword.
8) Spare the rod and spoil the child.
9) A watched pot never boils.
10) A watched pot never boils.
11) All that glitters isn't gold.
12) Beginner's luck!

● Rugby

# Pam Brink nooit weer dieselfde!

**Saterdag, 7 September 1985. Hier en daar sit 'n toeskouer op die pawiljoene. 'n Saai wedstryd speel op die veld af. Griekwas en Oos-Transvaal speel stil-stil op die eens grootse veld. Maar agter in die kleedkamer . . .**

Vir die eerste maal in 'n lang tyd was dr. Danie Craven se cliché wel van pas — "Rugby het geseëvier!"

Met 'n 15-man hardlooprugby-patroon gebou op die basis van 'n onverbeterlike wedstrydtemperament is aanskoulike rugby in ere herstel.

Geluk Affies. Die "Wit Bulle" het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Die Admin. bly tuis en vir die eerste keer in die geskiedenis was skolerugby belangriker as 'n Curriebekerwedstryd. Ons salueer julle, "Gevreesdes."

Maar hoe voel die Bulle self?

Jan Alberts — "Geen kommentaar" (seker nog steeds stomgeslaan).

Happy Oosthuizen — "Van die twee Admin-finale was '85 s'n die soetste."

Tinus Hugo — "Manjifiek!"

Jaco Coetzee — "Die smaak van twee agtereenvolgende Admin-oorwinnings sal jare lank by ons Affies bly."

Jaco Beukes — "Onverbeterlik!"

Louis Serfontein — "Kameraadskap — soete oorwinning."

Colin Angelo — " 'n Hoogtepunt van belewenisse."

Pierre Potgieter — "Die smaak van oorwinning was heerlik."

Johnny van Heerden — "Oorwining — onbeskryflik."

André Odendaal — "Puik!"

Maar sonder 'n top afrigter soos mnr. Poerie van Rooyen sou hierdie verheugde "Bulle" nie die knoop kon deurbraak nie. Voorwaar knap gedaan.

In 'n onderhoud met mnr. Van Rooyen het hy so op die volgende vrae gereageer:

**Wat het dit vir u as persoon beteken om vir die eerste keer 'n span na 'n Admin-oorwinning te lei?** "Ek is 'n baie verheugde mens, maar tog nederig en baie dankbaar dat die Liewe Vader juis vir my so 'n geleentheid gebied het. Dit was 'n geleentheid duisend om te sien hoe jong, gesonde seuns, vol karakter, ontwikkel en verbeter en alles gee om bo uit te kom, sonder om beginsels prys te gee."

**Hoe voel 'n mens voor 'n Admin-finaal?** "Bang, geweldig gespanne maar tog vol vertroue. 'n Mens besef eers twee weke na die tyd dat jy wel die finaal gespeel én gewen het!"

**Waaraan skryf hy sy sukses toe?** "Geloof in ons Skepper, vertroue in elke seun, goeie dissipline, harde werk en 'n positiewe benadering. Ons wou en het rugby gespeel!"

**Hoe het die "Wit Bulle" se wenresep daar uitgesien?** " 'n Positiewe benadering om met die bal vanuit enige posisie op die veld te hardloop, en 15-seuns wat dit vol selfvertroue op skitterende wyse reggekry het.

**Wat is sy toekomsplanne?** Hy sien uit na 'n baie interessante seisoen vol uitdagings. Hy glo dat as dit die Vader se wil is om volgende jaar met dieselfde positiewe benadering, dissipline en harde werk, weer van Affies "Die Gevreesde!" te maak. Hy het vanjaar bewys dat hul enige druk van watter aard ookal kan verwerk, afskud en sukses behaal. Affies is juis gevaarlik wanneer hy "gekwes" is — moet hom nooit voor die tyd afskryf nie.

Hy sal dit graag drie in 'n ry wil maak, maar gelukkig berus dié besluit nie by 'n mens nie."

Sterkte en voorspoed aan mnr. P. van Rooyen en 1986 se span!

## ONDERSTEUNERS

*Baie geluk met Saterdag se oorwinning mag dit altyd wees Affies die Eerste.*
*Andre de Wet*

*Hoof, leerkragte en skoliere baie geluk met Administrateursbeker-oorwinning. Ek is trots op u.*
*Kobus Becker lid 1957-wenspan*
*Triomf Kunsmis, Braamfontein.*

*Geluk met skitterende agste Admin. sege vir Noord-Transvaal. Ons is trots op u.*
*Gerber. TOD.*

*Die Admin kampioene Afrikaanse Hoër Seunskool Lynnwoodweg no. 1 Lynnwood, Pretoria. Baie geluk wel gedaan, manne.*
*Robertson.*

*Sterkte vir Saterdag se groot stryd ek is oortuig dat ons gaan wen en daarby sommer behoorlik ook.*
*Oud-Leerling Magnus Malan.*

*Affies altyd bo. Mooi so "The winner takes it all".*
*Tannie Engel.*

*Baie geluk aan u skool, u afrigter en die eerste span as kampioene van Transvaal.*
*Die hoof, personeel en leerlinge van die Hoërskool Erasmus.*

*Affies gaan Saterdag wen buig of bars.*
*Oud-leerling Hendrik Schoeman Minister van Vervoerwese.*



## RUGBY: ALGEMEEN

**Rugby in Affieland het geblom. Nie net die eerstespan en die O/15 A-span geskiedenis gemaak in Noord-Transvaal deur albei Noord-Transvaalligas in te palm nie, maar die wyse waarop dit gedoen is, was 'n lus om te aanskou.**

Affies het vanjaar waarlik rugby gespeel. Dit was 'n plesier om te aanskou hoe al die Affies lustig die bal dra, rondgooi en werklik die spel geniet.

Ons gelukwensing aan die afrigters en spelers met hul onderskeie prestasies. Die volgende spanne was areawenners:

3e Span — A-area
7e Span (5e liga) — A-area
4e Span (2e liga) — D-area.



My opregte dank aan al ons afrigters en spelers wat ure se harde werk ingesit het om van Affies 'n krag in Noord-Transvaal skolerugby te maak. Affies was nie net 'n krag nie maar was ook vir alle ander skole 'n uitdaging. Speel rugby om dit te geniet, hardloop met die bal soos wat ons met hom gehardloop het, vanuit elke hoek op die veld, hou die bal lewendig en speel rugby. So sal ons almal saamwerk om van Noord-Transvaal 'n krag op die Cravenweek te maak.

Aan al ons afrigters — Affies sal jou bo uitlig, hy gaan jou egter verniel op die pad boontoe. Aan al ons spelers — Behou die geloof in ons Groot Meester, dien en eer hom met die talente wat hy aan elkeen van julle gegee het.

Sterkte vir 1986.

Die S.A. Vervoerdienste word bedank vir die skenking van die sweetpakke.

P.H.C. van Rooyen
Rugbyorganiseerder



## SKYFSKIET: AFFIES PRESTEER

Die skyfskietklub het dié jaar weer vir puik prestasies gesorg. In die ligabisleys het die senior 'n gemiddeld van 97,6% en die junior skuts 'n gemiddeld van 94% gehandhaaf!

Daar is onder andere teen Langenhoven en H F Verwoerd Hoërskool deelgeneem. Met skuts soos Andries Retief wat deurgaans 'n totaal van 198 uit 'n moontlike 200 punte en James Wickens met 'n totaal van 193 uit 200, kon Affies nie anders as om met die louere weg te loop nie!


In 'n vriendelike kompetisie teen Boy's High het Affies ongelukkig met minder as 1% verloor. Die Galle bly maar Affies se Moses!

**KOMMANDEMENT NOORD-TRANSVAAL SKOLE BISLEY-LIGA FINAAL**

**SENIORS**
1ste John Vorster 96.25% = 770 uit 800.
2de Pretoria-Wes 96% = 768 uit 800
3de Afrikaans Hoër Seunskool 95,13% = 761 uit 800

Dit wil sê 9 punte uit 800 verskil tussen die eerste drie plekke.

**ALLEGAARTJIE**
Volgens hierdie kompetisie het komdt. Fourie gesê dat die manne van die seun geskei gaan word — Afrikaans Hoër Seunskool verower die eerste plek.



## Jong Modemaaksters vertoon skeppings

Op die 15de Oktober was die aand waarna al die modemaaksters van verskillende skole van Pretoria uitgesien het. Na 'n jaar se harde arbeid, frustrasie en vreugdevolle oomblikke was die eindresultate iets baie besonders.

Die groot aand het plaasgevind by Hoërskool Voortrekkerhoogte. Agt Affies het ook die geleentheid gehad om hulle skeppings te vertoon by die modeparade. Dit was 'n aand van groot genot en vervulling om te sien hoe Hoërskooldogters hulle inisiatief aan die dag gelê het, met hulle ontwerpe.

Meisies Hoër is as volg verteenwoordig: 4 St. 10's naamlik; Carien, Sanet, Antoinette en Melissa. Twee st. 8's: Juanita en Ingrid en twee st. 6'e: Laura en Almarie.

# SKAAK

**Die Skaakklub het vanjaar weer 'n besige jaar beleef. Daar is afgeskop met 'n aantal vriendskaplike wedstryde waarin goed gevaar is. Daarna het die liga-wedstryde aangebreek. Teen alle verwagtinge in was die uitslae maar teleurstellend, maar die Affie-spelers het nogtans dapper geveg en die beste van die saak gemaak.**

In die derde termyn het ons Interhuis-skaak gespeel. Ongeveer sewentig seuns het hieraan deelgeneem en die Kwaggas het uiteindelik die oorwinningspyp gerook, met die Koedoes, Elande en Hartbeeste in tweede, derde en vierde plekke onderskeidelik. Nadat dit afgehandel is, het die Skaakkampioenskappe aan die beurt gekom. Mnr. P. le Roux, Pieter le Roux, se pa was so vriendelik om die reëlings op homself te neem. Hy het ook 'n wisseltrofee van Dr. Pieter Hamelbroek, 'n oud-Affie en Springbokskaakspeler, ontvang, waarvoor ons Johan Ribbens is die Skaakkampioen van 1985, met Caspar Bes en André Barnard in die tweede en derde posisies. In elke standerd is trofees en medaljes toegeken vir eerste, tweede en derde plekke. Gelukwensinge aan al hierdie spelers — die Affies steun op hulle vir 1986!

Hierdie jaar is Caspar Bes, die Skaakspeler van die Jaar en Johann de Jager die ligaspeler, wat gelukwense verdien. Dank word aan almal wat gehelp het om hierdie goeie jaar vir die skaakklub te maak uitgespeel — mnre. Le Roux en Sheppard, mevv. Booysen en Nieman, die skaakkomitee en al die geesdriftige skaakspelers!

Ons hoop 1986 sal dié jaar wees vir die Skaakklub!

Laat die koning seëvier.

(Mev.) M.J. Saayman



*Johan Ribbons.*

SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPORT SPOR



*EMILE FOURIE*

# TENNIS 1985

**Eerste span**

**Die afgelope vyf jaar het Affies die Administrateursbeker ononderbroke gewen. Dit beteken dat dié gesogte beker sedert die instelling van die Administrateursbekerkompetisie in 1972, reeds 8 keer die eiendom van die Afrikaanse Hoër Seunskool was.**

Hoewel die skool vanjaar nie oor sowel individuele sterre soos in die verlede beskik het nie, was daar geweldige diepte onder die topspelers en die gevolg was dat Affies maklik deurgedring het tot die kwarteindrondte van die kompetisie.

Die volgende groot wedstryd was die finaal van die Noord-Transvaal streek teen Menlopark. Affies het ook hiér skoonskip gemaak deur met 12 spelle te wen. In hierdie kragmeting het veral Quintin Blake uitstekende spel gelewer.

In die kwarteindrondte het Affies teen Witbank se Genl. Hertzog te staan gekom en met 6 wedstryde teen 2 gewen.

In die semi-finaal het Affies teen Hoërskool Linden gespeel en maklik met 5 wedstryde teen een gewen.

Die finaal sou op 28 September teen Hoërskool Westvalia wees. Die paar dae voor die eindstryd was 'n spanningsvolle tyd waarin Emile, Buks, Quintin, en Thomas en Gawie onder leiding van mnr. Van Huyssteen elke beskikbare tydjie gebruik het om te oefen.

Danksy die vier Affiesspelers se ervaring en die wonderlike ondersteuning van die Affie seuns, kon ons teen Westvalia seëvier en met 5 wedstryde teen een, as oorwinnaars uit die stryd tree.



**Onder 15**

Die geweldige diepte van die seniorspelers vind sy basis in die Affie-juniors. Die juniors het die seisoen goed afgeskop en sege op sege behaal. Statistiese gegewens vand ie eerste O/15-span is 'n verdere bewys van Affies se senioriteit op die tennisbaan.

Uit 'n totaal van 288 spelle het Pieter Maree, Heinrich Dannhauser, Villiers Terblanche en Nico Kruger 244 gewen en slegs 44 spelle — waarvan 22 aan hul sterkste teenstanders Menlopark — afgestaan. Verder is die tweede span net-net die loef afgesteek deur Menlopark se eerstes. Die verskil, 'n skrale 2 spelle!

Die B-liga is deur die O/15 derde en viere spanne oorheers en die finale uitspeelwedstryd is tussen die 2 spanne beslis. Die derdes het as wenners uit die stryd getree. Ook die C-liga, gewen deur die vyfdes, se trofee versier die Affie "hoofkantoor".

As in geheel gekyk word is, was en sal Affies dié bepalende faktor in Transvaal bly.

Alle Affie-tennisspelers wat deur hul opoffering 'n trotse tradisie help bou het, word geëer. Die jaar is verby, die uitdaging om weer te wen lê voor. Sterkte aan alle voorbereidende wenners!

## Tafeltennis

**Affies het hierdie jaar weer eens bewys dat sy tafeltennis nie geïgnoreer kan word nie. Met die Affie-sportspanne moet daar rekening gehou word — of dit nou op die rugby — en krieketveld, op die tennisbaan, atletiekbaan of by die tafeltennis is.**

Die tweede en derde tafeltennisspanne het soos die vorige jaar hul ligas gewen. Die eerste span het tweede in sy liga gekom en het net teen die gedugte span van John Vorster verloor. Hulle is egter vol selfvertroue om volgende jaar hul liga te wen en John Vorster se span te troef.

Buite skoolverband het die Affies ook nie sleg gevaar nie. Con Purchase het in die klubliga waarin hy deelgeneem het, skoonskip gemaak en eerste gekom. Bennie du Toit het die N.-Tvl.-O/16-kampioenskappe gewen. Daar is egter nog baie talent wat ontgin kan word en ons sien uit na 'n goeie Tafeltennisjaar in 1986.



# Krieket 1985



*Krieketspelers van formaat: Con Purchase, André Odendaal en Stefaans du Plessis!*



**Verlede jaar het Affies die skynbare onmoontlike reggekry deurdat al ons spanne tot die eindrondtes deurgedring het.**

Dit is reeds ou nuus dat ons uiteindelik die Uniewinkelstrofee asook die tweede-, O/15B, O/14A en B-ligas verower het. Hierdie jaar het die Affies egter die "onmoontlike" reggekry: behalwe dat die eerstespan die Administrateursbeker vir N.-Tvl. vir die eerste keer sedert 1978 verower het, het ons al die ander ligas ingepalm nl. die 2de, O/15A, O/15B, O/14A en O/14B. Voorwaar 'n unieke prestasie!

Afgesien van die spanprestasies was daar ook individuele uitblinkers. Stefaans du Plessis het as kaptein van die eerstespan in beurt na beurt met die kolf getoon waarom hy as krieketspeler van die jaar aangewys is. Die toekennings vir die beste kolwer, bouler en veldwerker is onderskeidelik aan Stefaans, Rudi Brits en Jacques Engelbrecht togeken. Phil Mostert is as die belowendste krieketspeler aangewys.

Ter afsluiting moet ons in gedagte hou dat ons krieketbeoefening in die eerste plek nie om die wen van bekers gaan nie. Dit gaan onder aan ons vorming as mense deur die unieke ltradisies en gees van krieket. Mag Affies se lig helder brand op die krieketveld!

**Con Purchase, Stefaans du Plessis en Andre Odendaal is ook gekies vir die Pretoria Afrikaanse Hoërskole Krieketspan. Con Purchase het die eer te beurt geval om reeds in sy st. 9-jaar as kaptein van die span aangewys te word. Daarbenewens het Con en Stefaans Affies se lig nog helderder laat brand deur die Pretoria-se Hoërskole Dubbelpaaltjie toernooi te wen.**

# Landloop — Stéphan de Beer

Vanjaar was die grootste landloopjaar in Affies se geskiedenis. Die senior en junior atlete het met vasberadenheid en motivering elke doelwit genader en onder leiding van Stéphan de Beer groot hoogtes bereik. Stéphan was kaptein van die span wat vanjaar die Administrateursbeker verower het, tweede geëindig het tydens die SA Skole kampioenskappe en die jaar op 'n hoë noot afgesluit het deur die Noord-Transvaal Hoërskole Kampioenskappe te wen.


Stéphan het self die voorbeeld gestel deur die eerste plek te verower tydens die Administrateursbeker-uitdunne en tydens die SA Skolekampioenskappe het hy sesde geëindig. Hy het vanjaar in landloop sowel as atletiek Noord-Transvaalkleure verwerf.

Op akademiese en kulturele gebied het hy ook die leiding gegee. Op die debatsbestuur, koerantredaksie en as skoolprefek het hy die leiding geneem.

Hoewel die junior atlete aan die begin van die seisoen nie besonder goed gevaar het nie en daar baie beserings was, is die landloop tog onder Stéphan se leiding bymekaar gehou en is daar gebou. As mens terugkyk na die 1985-seisoen is dit duidelik dat Affies se stempel vanjaar stewig afgedruk is op landloop in Noord-Transvaal, maar ook in die hele Republiek.

**LANDLOOP**

Die Afrikaanse Hoër Seunskool het die onderskeiding behaal om die wenners van die Administrateursbeker vir landloop te verwerf. 'n Aantal van dié leerlinge was ook gekies om aan die Interprovinsiale Landloopkampioenskappe wat op 6 Julie by die Swartkop-inryteater plaasgevind het, deel te neem. Hulle was: S. de Beer, H. Brummer, F. Ströh, Q. Blake en L. Smalberger.



# SAGTEBAL

O/16-span speel teen Hartebeespoort O/16 en wen na 'n verbete stryd 14-7 in die Semifinaal vir N.-Tvl. Met dié oorwinning dring hulle nou deur na die finaal op 2 November teen Hartebeespoort A. Al die spanne speel dié dag finale en daarna word trofees en pryse oorhandig aan die onderskeie ouderdomsgroepe se wenners, beste kolwers, beste gooiers en al die ander uitblinkers.

Daarna word die onderskeie N.-Tvl.-spanne aangewys met hulle bestuurders en afrigters.

Verlede jaar het N.-Tvl. vier van die ses afdelings op die interprovinsiale toernooi ingepalm. Die toernooi word vanjaar deur Oos-Transvaal aangebied in Germiston.

Die O/19-span het nog drie wedstryde om te speel en daarna sal beslis word wie teen wie speel in die semi-finaal.


Die wedstryde by Sonitus skool se velde is vir die finaal.



## Tafeltennis

J Terblanché (st 7) het beslis potensiaal vir Noord-Transvaal maar is nog te jonk. Hy speel puik en wen feitlik elke wedstryd. Dit is 'n uitmuntende prestasie vir 'n st. 7-leerling om in die eerste span só puik te presteer.

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN



*ALITA KRUGER*

Alita Kruger is geen onbekende in Affieland nie! Sy is 'n toegewyde persoon wat reeds vanaf haar st. 6-jaar bewys het dat dit nie onmoontlik is om 'n goeie balans tussen sport en akademie te handhaaf nie. *Stroom-op* het 'n onderhoud met haar gevoer om meer van haar atletiekloopbaan en alledaagse lewenswyse te wete te kom.

**Stroom-op:** Wanneer het jy aan atletiek begin deelneem en wat was die eerste items wat jy beoefen het?
**Alita:** Ek het in graad een in Laerskool Meyerspark vir die eerste keer deelgeneem — ek dink ek het 60m gehardloop. Later het ek 1 200m verkies.
**Stroom-op:** Wat verkies jy — landloop of wedlope soos bv. 800m en 1 500m?
**Alita:** Definitief landloop. Dit is baie meer informeel.
**Stroom-op:** Hoeveel kilometers hardloop jy gemiddeld per week?
**Alita:** 10-30km. Dit wissel van landloopseisoen na atletiekseisoen.
**Stroom-op:** Volg 'n spesifieke dieet?
**Alita:** Nee, ek probeer net gesond eet drie maal per dag.
**Stroom-op:** Hoe ontspan jy voor- en na 'n wedloop?
**Alita:** Voor die tyd lê ek en musiek luister. Daarna begin ek om op te warm. Na die tyd drink ek koeldrank en rus ek natuurlik.
**Stroom-op:** So van musiek gepraat — waarvan hou jy?
**Alita:** Ek hou van popmusiek en Alphaville is my gunsteling groep.
**Stroom-op:** Wie is jou sporthelde?
**Alita:** In Suid-Afrika het ek 'n groot bewondering vir Johan Fourie en Tanya Peckham en oorsee vir Mary Slaney en Zola Budd.
**Stroom-op:** Wat is jou grootste motivering?
**Alita:** Ek wil die mikpunt bereik wat ek vir myself gestel het en ek geniet dit om te hardloop.
**Stroom-op:** Wat beplan jy vir die toekoms?
**Alita:** Om Springbokkleure te kry oor 'n paar jaar en om 'n marathon te wen voordat ek 30 jaar oud is.

**Stroom-op wens jou alle voorspoed toe vir die komende seisoen.**

# ATLETIEK

**Atletiek gedurende die eerste paar maande van 1985 was 'n groot sukses so is dit ook die geval in die derde termyn. Soos verlede jaar het die skool weer deelgeneem aan die Transvaalse skole spankompetisie.**

Twaalf van die skool se beste atlete is gekies om aan die uitdunne deel te neem. Vrydagmiddag, 26 September, is die paalspring afgehandel en daar is alreeds sukses bepaal. Die Affies kan nie anders as om daarop voort te bou nie en het Saterdag, die sewe-en-twintigste, voortgegaan met mooi prestasies wat gevolg het. Teen die einde van die dag toe die punte gelees is, was daar groot opwagting. Die Affies het daarin geslaag om deur te dring na



die finaal te Naboomspruit — in die tweedeplek maar 'n goeie tweede plek.

Die atlete het voortgegaan met harde oefening en ter volharding op 19 Oktober deelgeneem aan die Kennith McArthur-ovaal te Potchefstroom. Die atlete is vergesel deur mnre. Swanepoel, Burger, Thuynsma en Kruger. Hulle het hul goed van hulle taak gekwyt. Die byeenkoms het as voorbereiding vir die Admin-finaal gedien wat spoedig hierna sou volg. Die Affies het die ander behoorlik van hul aanwesigheid laat weet met 'n hele paar eerste plekke en 'n Wes-Transvaalse rekord laat spat.

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**Stephanus Johannes du Plessis is op 8 Februarie 1968 te Potchefstroom gebore.**

Hy voltooi sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Mooirivier.

Hy het sy goeie sportmansskap reeds in st. 5 bewys deur provinsiale kleure in krieket en atletiek te verwerf. Sy hoërskoolloopbaan begin hy aan Potch-Gimnasium waar hy weer in st. 7 Wes-Transvaal kleure in krieket verwerf. As nuweling in Affies word hy in st. 8 gekies om Noord-Transvaal op die atletiekbaan te verteenwoordig. Hy ontvang ook erekleure as lid van die Pretoria Skole Krieketspan. Hierdie besonder prestasie behaal hy weer in 1985. As kaptein van die eerste span het hy krieket uit 'n 6-jarige droogte gelei om eerstens die Noord-Transvaalliga in te palm en daarna tot in die kwarteind van die Administrateursbeker te vorder.

**Sukses**

"Stef" se sukses kan toegeskryf word aan vertroue in homself maar ook in God.

Behalwe vir harde oefening is Stefaans se formule vir sukses die doel om sport te beoefen hoofsaaklik vir die plesier daarvan. Maar hy sê dit kan slegs gedoen word as jy an die beste van jou vermoë presteer.


Op die sportveld is sy grootste motivering sy vader wat intens belangstel in sy prestasies en hom tot steeds groter hoogtes aanspoor.

Stefaans gaan eers sy militêre diensplig voltooi voordat hy verder gaan studeer, waarskynlik in die Regte.

Stefaans is ook 'n ywerige student en 'n mannetjie wat wéét hóé om te organiseer dat meisies hom help om sy kolfwerk te verbeter.

*Stroom-op wil net namens die Affies vir "Stef" sterkte toewens vir die toekoms en die hoop uitspreek dat hy sy liefde vir sport tot hoë hoogtes sal uitdra.*

*— Red.*



# TENNIS

**Affies skitter op die Tennisbane:**

Al die tennispeelsters in Affies is dit eens, dat die afgelope tennisseisoen 'n skitterende sukses was! Wat die O/15-spanne betref, het die geesdrif hoog geloop. Elke Dinsdagmiddag, vir die duur van omtrent 2 maande, het Affies in gemengde hoedanigheid meegeding vir die liga. Al die moeite en opoffering was dan, getrou aan die tradisie, nie verniet nie. Die eerste O/15-span het die pragtige voorbeeld gestel en die liga ingepalm.

Affies het in byna al die ligas geseëvier, wat die A-liga betref. Die finale wedstryd was 'n verbete stryd tussen die eerstespan, bestaande uit Emile enm Lucille, Thomas en Gené, Quintin en Nicoline. Na 'n middag van taai kompetisie moes Gawie en Gerda, Buks en Jumé en Francois en Lizette uiteindelik die aftog blaas. Die eerstespan het naelskraap met 41 spelle teenoor 40 spelle getriomfeer.

# WATERPOLO



*Hèppie, SA skole B span-kaptein.*

**Affies het hierdie jaar weer twee spanne die veld in gestoot — of is dit nou die water?**

Deur die doelgerigte afrigting van mnr. L. Panaino en P. Oosthuizen kon Affies daarin slaag om Menlopark en St. Alban's onder die water te laat verdwyn.

Boys High moes tevrede wees om die wedstryd met Affies te deel, maar ongelukkig klop Grey Kollege ons met 5 doele teenoor 3 doele (Verassend as 'n mens in gedagte hou hoe min water soos baie ander dinge ook maar, daar in die Vrystaat is!) Die B-span het egter daarin geslaag om Grey Kollege se B-span met vyf doele teenoor vier te klop.

Twee Affies het N.-Tvl.-kleure in die sportsoort verwerf. E. Swart en Philip Oosthuizen wat ook kaptein van dié span was. Philip is ook gekies vir die S.A.-Skole B-span.



# NETBAL

**Naelskraap vir die 0-13A span**

**Netbal in AHM het 'n opflikkering beleef in die vorm van die onder 13 A-span. Onder moeilike omstandighede het Stephanie, Riana, Carmen, Adèle, Penny, Maryke en Antoinette getoon dat toegewydheid, dissipline en 'n goeie spangees, deurslaggewend is.**

Met tellings soos 48-3 en 30-1 in hul guns het hulle die A-liga verower en ook klaasgespeel met hul opponente in die kwart- en halfeindwedstryde vir die N-Tvl beker. Dié beker het hulle toe ook gekry na 'n titaniese stryd teen Hoërskool F.H. Odendaal. Die telling was 15-11.

Die seisoen was egter nog nie vir hulle verby nie. Onder die leiding van mev. Malan het hulle voorberei vir die stryd om die Administrateursbeker. Waar die Eerste Rugbyspan met een punt gewen het, was die onder-13 span ongelukkig om met een punt te verloor. Dit was egter die eerste jaar dat hulle saam gespeel het en daar lê dus nog groot dinge voor, veral noudat AHM nuwe netbalbane het.